



NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil



❖ **Facebook:** <https://www.facebook.com/noordsin/>

❖ **Kampterreine:**

Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;

Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

12 April 2024: Nr 11/2024

Warmnuus

❖ **Kerk van die Toekoms: Webinaar**

Jy word uitgenooi na die volgende *Kerk van die Toekoms* webinaar op 18 April (09:00-10:00). Die tema is: **Diversiteit - Raak veelkleurig** – 'n Aanlyn gesprek oor bediening aan jong volwassenes buite die kerk. Nooi gerus ook ander belangstellendes om in te skakel.

VBO punte: 2 per webinaar;

Registreer: [Kliek hier](#)

❖ **Ekologie: Hoe is God?**



Peet Crous skryf: "Met 'n verskeidenheid mense praat ek oor dié vraag. By doopgesprekke, ekologievergaderings en onderhoude met tieners wat belydenis van geloof wil aflê, stuur ek nogal graag die gesprek in "Hoe is God?" se rigting. Reaksies verskil hemelsbreed. Ouens wat skuldig voel, raak gou-gou aan sake soos kontrole en veroordeling." [Kliek hier](#) om verder te lees.

Sinodenuus

❖ **Volgende kerkkantoorkursus: Pretoria**

LW: Die volgende kursus word **12 en 13 Junie** in Pretoria aangebied. Belangstellendes kan hulle name vir Hermien by die sinodehuis stuur [hermien@noordsin.co.za].


❖ **Hulpmiddels: Skribas van die Noordelike Sinode**

WhatsApp groep: Sluit aan by die WhatsApp groep vir skribas waar ons mekaar help met inligting, navrae, dokumente en so meer.

Skandeer gerus die QR kode of stuur 'n WhatsApp na 073 411 6944. Verskaf asb met aansluiting jou naam, van en gemeente.

>>> Hierdie groep-QR-kode is privaat. As dit met iemand gedeel word kan hulle dit met hul WhatsApp-kamera skandeer om by hierdie groep aan te sluit.

WinKerk video: Hierdie video help kerkamptenare met die stappe om die registrasieskrifte uit Winkerk te ontsluit. Dit verduidelik ook waarom sekere velde van waarde is en wat waar ingevul moet word. Hier volg die kort video wat Jan Venter saamgestel het - kliek hier: <https://youtu.be/fHcgwchAMpo>.



❖ **Begrafnisskema: Voortsetting en dekking**

Theo Smith skryf: "Tydens die Maart 2024 vergadering het ons die aspek bespreek van die voortsetting van die begrafnisskema by sekere fondsgebeurtenisse vir beide Opsie 1 en 2."

[Kliek hier](#) vir Omsendskrywe 2 van 2024 wat hierdie voortsetting verduidelik, asook die nodige bykomende dokumente: Exit Cover-Funeral Continuation process ([kliek hier](#)); One Funeral Plan Application ([kliek hier](#)).

Kolleganuus

❖ Bewegings



<<< Deon Strauss [Rustenburg-Proteapark] voltooi 'n bediening van veertig jaar in die gemeente. Sy afskeidsdiens vind op *21 April* plaas.

>>> Frans de Beer [Springbokvlakte] het die beroep na Volksrust aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op *21 April* plaas.



<<< Hardus Prinsloo (proponent) het die beroep as deeltydse diensleeraar na Daspoort aanvaar. Sy ordening en bevestiging vind op *28 April* om 9:00 plaas.

>>> Jan Pretorius [Louis Trichardt] emeriteer op *5 Mei*. Hy bly egter aan in die gemeente in 'n vaste termynpos.



<<< Rivandu Swanepoel [proponent] het die beroep na Pretoria-Oos aanvaar. Sy ordening en bevestiging vind op *14 April* plaas.

>>> Wynand Eloff [proponent] het die beroep as medeleraar na Warmbad-Wes aanvaar.



❖ Verjaarsdagwense

14/04 Francois du Toit (Emeritus)
15/04 Fanie Cronjé (Lynnwood); George Hugo (Emeritus)
16/04 André Botha (Naboomspruit)
18/04 Heinrich Stapelberg (Overkruin)
20/04 Gerrie Strydom (Florandia); Hannes Bezuidenhoud
(Pietersburg-Noord); Coenie Swart (Emeritus);


15/04 Gerda Swart (Eggenote van Snowy, Emeritus)
16/04 Marius Ferreira (Eggenoot van Bettie, Waverley)
17/04 Marianna Johnson (Eggenote van wyle Marius)

Gemeentenuus

❖ Verjaardae

Pretoria-Oos (Gestig 20/04/1920) **>>>**
Quaggapoort (Gestig 15/04/1944)
Queenswood (Gestig 17/04/1947)

❖ Universiteitsoord



Pretoria-Oos / Oos Kerk, word honderd-en-vier jaar oud.



14 April 11:00 – In Harmonie: 'n Kaleidoskoop van orrel- en klavierduette met Albert Troskie en Erika Bothma.

❖ Basaars, Fees, ens.



Toerusting

❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

Program vir 2024: [Kliek hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat die jaar aangebied word.

“Kom ons lees die Bybel”: Kom ons lees Jesaja

16 – 17 April, (08:30 – 16:30)

In hierdie aanlyn werkswinkel word daar gefokus op die eerste profetiese boeke van die Ou Testament (die nebi'im) en meer spesifiek op die boek Jesaja. Wat is die implikasie as ons dié boek lees deur die lens van missionaliteit? Aanbieder: André Bartlett;

VBO: 20 punte; Inskrywing: [Kliek hier](#); Sluitingsdatum vir inskrywings: 14 April;

Seminare: Prof Gordon Mikoski

Malan Nel skryf: “Hiermee 'n uitnodiging na twee oggend seminare saam met hierdie teoloog - oor 'n onderwerp naby aan sy hart en waartoe hy begaafd en goed toegerus is. Ek hoef dit nie eens te sê nie: Gemeentes kry swaar met die uitdagings van “Christian Education”, katechese, Sondagskool. Ons moet ernstig en diep saam dink.” **Hiermee die besonderhede van die seminare in Pretoria en Johannesburg area:**

- **Pretoria:** 23 April [09:00 – 13:45]: NG Stellastraat, h/v Olivier- en Stellastrate, Brooklyn Pretoria. **Registrasie:** [Kliek hier](#), vóór 15 April. 5 VBO krediete

- **Johannesburg:** 24 April [09:00 – 13:45]: St Michaels Anglican Church, 1123 Cornelius Street, Weltevredenpark. **Registrasie:** [Kliek hier](#), vóór 15 April. 5 VBO krediete.

Emmaus 2024

Hiermee inligting oor die Emmaus Beweging. (Kliek op die skakels vir die [bemarkingsdokument](#) en [program](#).)

Navrae: Walter Sutton by 082 778 2801 of epos walteranso@gmail.com.

Dink nuut oor jou bediening

(Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)

'n Uitnodiging na die eerste module in hierdie kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening:
7-9 Mei te Stellastraat – [klik hier](#) vir meer inligting.

7-9 MEI PRETORIA, STELLASTRAAT

SEMINAAR OOR DIE KONTEKS VAN DIE NG KERK

Ons lewe in opwindende en onseker tye, en in sulke tye moet mens weet om te navigeer. En die heel belangrikste ding vir navigasie is om te weet waar is jy. Die seminaar wil predikante en ander kerklike leiers hiermee help.

FASILITEERDERS



Lourens Bosman



Neels Jackson



Jannie Rossouw



Pieter de Villiers



30 VBO-punte

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode: [Klik hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

- **Rustenburg-Proteapark:** Voltydse predikantsposte [\[Klik hier\]](#) vir die volledige advertensie]
 - Leraar met fokus op die jeug.
 - Senior leraar.

Groenkloof: Vaste termynpos vir 3 jaar

Aandag Predikante / Proponente - Groenkloof is 'n klein, pastorale grootte, een-predikant gemeente, teen die hang van Klapperkop in Pretoria. 'n Groot deel van die gemeente is in die woonbuurt Groenkloof, wat as 'n sekuriteitswoongebied afgekamp is. [Klik hier](#) vir die advertensie. **Sluitingsdatum** vir aansoeke: 19 April.

Magaliesberg Gesinskerk (Marikana): Predikantspos (Drie jaar vaste termynpos)

Magaliesberg Gesinskerk is geleë om Mooiooi in Noordwes. Een derde van die 122 besoekpunte is in Mooiooi terwyl die res op plase en kleinboewes om Mooiooi en Buffelspoort is. Daar is 'n goeie laerskool (Laerskool Elandskraal) in die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na hoërskole in Rustenburg en Brits. [Klik hier](#) vir die advertensie. **Sluitingsdatum** vir aansoeke: 1 Junie.

Red 'n plaas, red 'n gemeenskap Camino

Op versoek van die projekoördineerders plaas ons graag hierdie inligting: "Die Sinode van die NG Kerk Noord-Kaapland in samewerking met Agri-Noordkaap, ondersteun sedert 2019 boere en landelike gemeenskappe in hierdie streek wat deur rampe soos veldbrande, sprinkaanplae en uitmergelende droogtes geteister word. Hierdie vennote het 'n rampfonds, bekend as die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Rampfonds, gestig om pastorale en fisiese hulp aan hierdie gemeenskappe, in tye van nood, te verskaf. [Klik hier](#) en lees verder. [Klik hier](#) om die stappers te volg.

Stellastraat: Kommunikasiebeampte (5/8^{ste} pos)

Die pos behels onder andere die instandhouding en ontwikkeling van die media- en kommunikasiefunksies van die gemeente. Die detail van die verantwoordelikhede vir die pos kan verkry word van die Kantoorkoördineerder, Malan Nel [malannelup@gmail.com of sel no 082 6617888]. [Klik hier](#) vir die advertensie.

Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za].

Die volgende persone het reeds gereageer:

- * André Smuts: sasmuts@tsa.co.za [Binne 'n radius van 100 km vanaf Pretoria]
- * Flip du Toit: fliptoit@gmail.com / 082 781 7076
- * Ernst Muller: gaius117@gmail.com / 082 656 1107
- * Johan de Villiers: johandv6@gmail.com
- * Louis Louw: louisklouw@absamail.co.za / 072 461 6633
- * Michiel van der Merwe: mvd360@gmail.com / 082 462 3529
- * Theuns Kriek: trkriek@lantic.net / 083 273 9386 [Pretoria]